DR. D. VAN SWIGCHEM, *Het Missionair Karakter van de Christelijke Gemeente volgens de Brieven van Paulus en Petrus*, J. H. Kok N.V., Kampen 1955. 276 bls. (Diss.).

Die sentrale probleem van hierdie dissertasie is om vas te stel in hoe verre sending in die ruim sin van die woord as verspreiding van die Evangelie tot die wese van die kerk as sodanig behoort. Die skrywer werk dit in 'n sewetal hoofstukke uit:

1. Die verhouding van die gemeente tot die sendingwerk van die Apostels;
2. Die verhouding van die gemeente tot die buitestaandes;
3. Die roeping van die gemeente te midde van sy omgewing;
4. Die roeping tot opsetlike missionêre besigwees van die gemeente;
5. Aspekte van die missionêre aktiviteit van die gemeente;
6. Die dryfvere van die missionêre aktiviteit van die gemeente;
7. Die missionêre houding as spesifiek-Christelike Karaktertrek van die gemeente.

Die skrywer bring niks radikaal nuuts met sy ondersoek nie. Wat egter van baie groot belang is, is dat hy die briewe van Paulus en Petrus van hierdie spesifieke hoek benader. Baie Skrifgedeeltes waaraan 'n mens normaliter nie 'n betekenis heg wat dit in verband met sendingsaktiviteite bring nie, kom in 'n nuwe lig te staan. Die belangrikste is egter dat die skrywer 'n massa stof wat oor sy bepaalde tema verspreid lê, onder een dak bymekaar bring en 'n mens 'n goeie oorsig daaroor gee.

Nuwe Testamentici het oor hierdie tema nog nie veel geskrywe nie; Sending-wetenskaplikes sluit gewoonlik 'n hoofstuk of wat in oor die Skriftuurlike grondvesting van sendingwerk. Die skrywer toon egter in watter mate sending 'n wesenlike karaktertrek van die kerk is. Daarmee het hy 'n goed onderlegde en deeglike werk gelewer op 'n terrein wat betreklik arm aan literatuur is.

P. S. DREYER.